


'n Goeie balans word gehandhaaf ten opsigte van sportdeelname en die JV's is kompeterend in die volgende sportsoorte:

• RUGBY • ATLETIEK • KRIEKET
• TENNIS • TAFELTENNIS • JUKSKEI
• LANDLOOP • SKAAK • SWEM
• NETBAL • SAGTEBAL • BERGFIETS

## VAKVERWANTE AKTIWITEITE

• OLIMPIADES • TAAL- EN WETENSKAP EKSPO
• BRUGBOU • MINQUIZ • ROBOTIKA
• INGENIEURSKOMPETISIE

## KULTUUR

Kultuurontwikkeling is een van die baie belangrike pilare waarop HTS John Vorster se dak rus. 'n Wye verskeidenheid aktiwiteite word aangebied sodat elke leerder geleentheid kry om in te skakel. Aktiwiteite wat deurlopend aangebied word is

• JVC • Glansfees • Eisteddford • Redenaars
• Toneel en verskeidenheidskonserte
• Kultuurweek, Kultuuraande en uitstappies
• Kunswedstryde en Vasvrakompetisies

## HET U GEWEET

1. 'n Leerder wat aan 'n tegnologiese skool matrikuleer met universiteitstoelating ENIGE studierigting kan volg.

2. In Graad 8 en 9 word gespesialiseerde, verkennende blootstelling aan elke rigitng gegee sodat 'n sinvolle keuse aan die einde van Graad 9 gemaak kan word

3. Slegs volwaardige tegnologiese hoërskole is in staat om die tegnologiese studierigting gespesialiseerd aan te bied met opgeleide personeel en die regte toerusting en fasiliteite.

4. HTS John Vorster is nie net een van die grootste skole vir tegnologie in Gauteng nie, maar ook in Suid Afrika

5. Goeie vordering in Wiskunde en Natuurwetenskappe is belangrik. Die tegnologiese studierigting is natuurwetenskap van aard. 'n Kombinasie van intellek en handvaardigheid is dus belangrik.

6. 'n Leerder spandeer slegs 10% van sy/haar tyd in die werkswinkels en die res van die tyd by die akademiese vakke en vakteorie.

7. Daar word gratis ekstra klasse aangebied in Wiskunde, Tegniese wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Tegniese wetenskappe.

8. HTS John Vorster se matriekuitslae is jaarliks van die beste in die distrik.

100% GENUINE JV

## Waarom moet jy HTS John Vorster kies as jou skool?

• Christelike norme en waardes word gehandhaaf

• Uitstekende akademiese standaarde

• Verseker werksgeleenthede en studie geleenthede na matriek

• Afrikaans as medium van onderrig

• Uitstekende dissiplinestelsel

• Sportblootstelling op die hoogste vlak

• Enigste skool wat die volledige tegnologiese studierigting aanbied.

## HTS JOHN VORSTER WAARDES

HTS JOHN VORSTER
ONS SAL OFFER WAT JY VRA

RESPEK • DEERNIS • INTEGRITEIT • WAARDIGHEID • CHRISTELIKE NORME

HTS JOHN VORSTER
ONS SAL OFFER WAT JY VRA

DIE HOËR TEGNOLOGIESE SKOOL

# JOHN VORSTER

## BESTE TEGNIESE SKOOL IN GAUTENG

As jy deel wil wees van die wenspan, kontak ons by:

Tel: 012 332 1760 Faks: 012 332 3700
E-pos: info@htsjv.co.za
Webblad: www.htsjohnvorster.online
Meyerstraat 1072, Rietfontein
Posbus 31714, Totiusdal, 0134

## Akademie
### Graad 8 en 9

1. Taalgeletterdheid en Kommunikasie:
AFRIKAANS EN ENGELS

2. Wiskunde geletterdheid en Wiskundige Wetenskappe:
WISKUNDE

3. Natuurwetenskappe:
FISIESE WETENSKAPPE, BIOLOGIE EN GEOLOGIE

4. Tegnologie: INLEIDENDE INGENIEURSTUDIE, INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP

5. Ekonomiese en Bestuurswetenskappe:
BESIGHEIDSTUDIES EN REKENINGKUNDE

6. Sosiale Wetenskappe:
GESKIEDENIS EN GEOGRAFIE

7. Lewensoriëntering: GODSDIENSONDERRIG, BEROEPSLEIDING, MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE

8. Skeppende Kunste:
KUNS, ONTWERP, DRAMA EN MUSIEK

Daar is drie uiters noodsaaklike leerareas, te wete Wiskundige wetenskappe, Natuurwetenskappe en Tegnologie waarin meer gespesialiseerde en uitgebreide onderrig en opleiding gegee word.

U kind sal slegs in 'n tegnologiese hoërskool die volle ingenieursvervaardigings- of tegniese/tegnologiese pakket kan neem

## Graad
### 10,11 en 12

#### Verpligte vakke in HTS John Vorster

1. Afrikaans – Huistaal
2. Engels – Eerste additionele taal
3. Wiskunde of tegniese wiskunde
4. Lewensoriëntering
5. Fisiese Wetenskappe of Tegniese Wetenskappe
6. Ingenieursgrafika en Ontwerp

#### Keuse vakke in HTS John Vorster

1. Elektriese/Elektroniese Tegnologie

2. Meganiese Tegnologie

3. Siviele tegnologie

Elke leerder moet dus SEWE vakke neem, waarvan ses by HTS John Vorster verpligtend sal wees. Leerders sal daarom gekeur word vir toelating in Graad 8 omdat Wiskunde/Tegniese Wiskunde, Fisiese Wetenskappe / Tegniese Wetenskappe en Ingenieursgrafika en Ontwerp verpligte vakke is. Een van die tegnologievakke is verpligtend by HTS John Vorster. Inligtingstegnologie en Alpha-Wiskunde kan as agste vak na-ure gekies word.